PLATINUM Weekblad/Weekly

SPORT

Die hoogtepunt van die interhuis was beslis toe David Gatebe, Comrades wenner van 2016, teen een van RHS se top atlete, Keanu Verwey, met die 3000m die pas aangegee het.

RHS maak GROOT Geraas!

Rustenburg – Die Hoërskool Rustenburg se 2017 interhuis het bó verwagtinge uitgedraai vanjaar met gees wat nóú nog hoendervleis gee.

Die interhuis, op Vrydag 13 Januarie 2017, het Donderdag (12 Jan) se GROOT Geraas gevolg ten einde die leerders in die regte luim te kry vir die volgende dag. Die 'bokspanne', ingedeel in hul vanne van 3 kategorieë, het die veld opgedraf en geesdriftig almal luidkeels aan die juig gehad. Die GROOT Geraas geleentheid het verskeie pret aktiwiteite behels insluitende die 'Vinnigste Fanie' kompetisie. Híer het twee mans-personeellede teen twee leerders 30 meter mekaar die stryd aangesê. Wenner van die 'Vinnigste Fanie' vanjaar is Kyle Janse van Rensburg. Díe jong man is een van Rusties se vinnigstes!

Die 'Fris Kris' kompetisie het ook vir vele pret gesorg en die dag is in 'n 'Gryp & Skoffel' sokkie afgeëindig die aand.

Die hoogtepunt van die interhuis was beslis toe David Gatebe, Comrades wenner van 2016, teen een van RHS se top atlete, Keanu Verwey, met die 3000m die pas aangegee het.

Die Hoërskool Rustenburg se personeellede het gees!

RHS maak GROOT Geraas by vanjaar se interhuis.

WARRIORS
spring weg met 'n vaart!

Rustenburg – Die Rustenburg Warriors, onder leiding van John Griffiths (hoofafrigter) het alreeds in volle vaart weggespring. Die eerste oefening sessie begin Maandag, 23 Januarie 2017 om 18h00 by die Bobbies Rugby klub. Alle belangstellendes wat by díe manne wil aansluit, kontak vir Griffiths by 079-849 0813 of stuur 'n e-pos aan john.griffiths@implats.co.za..

RUGGAS
op die Menu!

- Op Saterdag 25 Februarie vind daar twee SA derby's plaas met die Leeus wat in Bloem teen die Cheetahs gaan uitdraf. Op dieselfde dag speel die Bulle teen die Stormers in Kaapstad.
- Die 2016 Champs, die Hurricanes open hul rekening in Tokyo teen die Sunwolves.
- Globally het net oor die 50 miljoen die 2016 Superreeks op TV gekyk en net oor die 2 miljoen toeskouers het opgedaag om die skouspel te beleef. Die Haaie en die Bulle is ook darem hier ingereken ou grote.
- Handré Pollard is terug by die Bulle na sy ernstige besering. Dit is seker die beste nuus wat in Blou Bul land vanjaar ontvang is. Hy kan ook dalk die nuwe Blou Bul kaptein wees en ook dalk later in die jaar die nuwe Bok kaptein. Hy is beslis die X-faktor in SA Ruggas.
- Lood de Jager lyk ook tuis in sy nuwe blou gewaad en gaan nuwe vuur in die Blou Bul pak bring.

Nag ou grote…

vodacom SUPERUGBY

TSKKIA ready for 2017

Rustenburg – Well done to Sensei Thabiso Isiah Choma of the Brits Tokon Shotokan Karate Club on his Grading to Shodan (First Dan). The grading took place at the Tokon Shotokan Karate Ken & Iai Just A/C Honbu Dojo in Rustenburg on 8 January 2017.

With Thabiso on the photo is Soritsu-Sha Shihan Albert Venter, founder of Tokon Shotokan Karate and of TSKKIA All Styles International. For more information on this grading, contact the TSKKIA Head Office at 082-463 1073 or Sensei Thabiso at 060-706 5951.